

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 173**  
(Februarie 1983)

## **LEWENSBROOD**

\* \* \* \* \*

"Gee ons vandag ons  
Daaglikse brood"

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# BROOD VAN DIE LEWE

Dood . . . dood . . . dood. Die dood is deel van die brood. Maar by die oorfloed van die brood in ons dag dink ons nie aan die inhoud van die brood nie. As daar nie brood in die huis is nie, word 'n brood gekoop.

Besef ons egter dat brood in duidelike taal tot ons spreek? Hoekom sê die Here Jesus in Johannes 6:35: "Ek is die brood van die lewe"?

## **Dood en LEWE.**

Brood word gemaak van koring. En om van 'n koringkorrel tot by brood te kom, is 'n geweldige ingrypende en lang proses.

Daar is die proses van DOOD en **LEWE**.

Die koringkorrel moet eers droog word — doodgaan — voor dit geplant word. Dan eers kan die korrel begrawe word. As die koringkorrel begrawe is, geplant, dan moet daar vog kom. Dan begin die dooie korrel weer lewe as dit ontkiem. 'n Koringstoel kom op. Eers die koring, dan die aar, dan die volle koring in die aar.

Die wuiwende koringlande spreek net van LEWE en lewe. Maar as die lande weer wit word, tree die dood stadig maar seker in. As die koring droog is, word dit afgeoes.

Nou is dit gereed om gemaal te word dat ons die groen koringstoel nie eers meer kan raaksien nie. Nie eers in ons verbeeldingsvlugte nie. Nog is die proses van DOOD nie verby nie.

Dit word geknie.

Dit word gebak.

Dit word gesny.

Geëet.

Maar die een wat eet, word gevoed en lewe.

Die koringkorreltjie is 'n geweldige preek — en as ons die brood eet, gaan dit ongemerk by ons verby.

So was die Here Jesus se koms in vlees en bloed net 'n preek van DOOD . . . en . . . LEWE.

God het aan Adam gesê dat as hulle van die boom van die kennis van goed en kwaad eet, sal hulle sterwe (Gen. 2:17). U weet self dat hulle geëet het. God het sy woord gehou. Die dood het gekom, maar nie voor God die Verlosser beloof het nie (Gen. 3:15).

Jesus beteken Verlosser.

Hy verlos die mens deur in ons plek te sterf en soos die koringkorrel begrawe te word om verheerlik op te staan soos die koringstoel.

Daarom stel Hy die nagmaal in met brood. "Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee". (Joh. 6:33).

So gebruik die kerk nagmaal tot sy gedagtenis om die LEWE te ontvang.

Moet dan tog nie langer in die doodse lewe voortstropel nie. Want dan is jy dood, al lewe jy. Maar as jy in Christus is, soos die brood wat jy eet deel van jou liggaam word, sal jy lewe, al het jy ook gesterwe (Joh. 11:25).

Wat 'n voorreg om dan te kan bid:

"Gee ons vandag ons daaglikse brood.

**Ds. Andries H. Mulder**

# *Die Here Versorg Allesomvattend*

Deurdat Christus ons geleer het om te bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood", verseker God ons dat Hy ook ons liggaam en ons stoflike welsyn deeglik op sy hart dra.

Ook hierin besef Hy ons nood en daaruit wil Hy uitkoms skenk.

Baie mense maak die fout om te dink dat die stoflike of materiële dinge minderwaardig is teenoor die geestelike.

Maar ons moenie die liggaamlike geringskat nie, want die liggaam of die stoflike het ook ewigheidsbetekenis. In die hiernamaals sal die gelowige met siel *en* liggaam op die nuwe aarde woon.

En reeds in hierdie aardse lewe verseker die Here ons dat Hy ons nie net geestelik versorg nie, maar ook liggaamlik, — **allesomvattend!**

Dit het Hy baie duidelik bewys: Hy het nl. sy eniggebore Seun gestuur om ons **vlees** aan te neem. Christus het in die gestalte van 'n mens verskyn — liggaamlik — en as mens het Hy saam met ons honger en dors en koue en ontbering en allerlei fisieke nood ervaar.

En omdat die Here dit ernstig bedoel met ons stoflike behoeftes, mag ons met vrymoedigheid daarmee na Hom gaan en mag ons ons kwellinge om lewensmiddele aan Hom opdra.

Dit leer Jesus ons in die Onse Vader — dat ons met ons materiële probleme na ons hemelse Vader moet gaan;

- dat ons Hom mag vra vir 'n vol kruidenierskas en klerekas,
- vir 'n huis en meubels;
- dat ons met Hom mag praat oor ons werk, en ons banksaldo en die stygende lewenskoste.

Want ons hemelse Vader verhoor meer as net geestelike dinge. Ook die stoflike wêreld is werk van sy hande. "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan."

Hy skenk aan ons *alles wat nodig is vir die liggaam*:

- *voedsel en drank*
- *kleding en huisvesting*
- *gesondheid en krag*
- *voorspoed en sukses.*

*Op die gebed om ons daaglikse brood gee Hy welvaart*

aan ons gesin,  
aan ons volk,  
aan die hele Koninkryk van God!

In die Bybel is daar 'n oorfloed van tekste wat hierdie waarheid bevestig. Ons noem daarvan slegs twee:

**Jakobus 1:17:** "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by Wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie."

**Mattheus 6:33:** "... soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" — dit is wat ons moet eet en drink en aantrek.

Laat ons daarvan steeds ons afhanklikheid van die Here besef ten opsigte van ons stoflike lewe, dit ook aan Hom opdra en weet dat sy versorging oneindig ryker is as wat dié van 'n aardse vader ooit kan wees.

**Ds. Pieter van der Walt**

# *God is die Oorsprong van al wat goed is*

Wanneer ons bid om ons daaglikse brood, bely ons daarmee ons volslae afhanklikheid van ons hemelse Vader.

Die gebed om stoflike lewensbehoefte is tegelyk 'n belydenis dat ek nie net op my eie spierkrag of denkkrag of my eie voorraadskuur kan vertrou om daarin voorsiening te maak nie:

- hiermee bely ek dat ek uit myself op niks geregtig is of kan aan-spraak maak nie,
- maar dan *al* my lewensekerheid en my bestaansveiligheid alleen in die hand van my hemelse Vader lê,
- en dat Hy alléén my dus van brood kan voorsien.

Die goeie wat ons na die liggaam geniet, is nie aan onself of aan enige ander skepsel te danke nie, maar aan God alleen.

Daarvan skryf die Prediker:

"Dit is nie 'n goed wat in die mens kleef dat hy eet en drink en sy siel die goeie laat geniet by sy moeitevolle arbeid nie. Ek het gesien dat dit ook kom uit die hand van God. Want wie kan eet en wie kan geniet sonder Hom?" (Pred. 2:24, 25).

Hy is die enigste oorsprong van al wat goed is. Aan Hom het ons alles te danke.

Dit is Hy wat ons ons daaglikse brood gee deur sy voorsienigheid. Dit is Hy wat die voedende krag daarin lê tot ons versterking.

En so is die gebed om die daaglikse brood 'n erkenning dat dit 'n genadegawe van God is:

- 'n belydenis dat ek agter die baie hande wat met die voorbereiding en die opdiening van die voedsel te doen het. ook die weldadige vaderhand van God raaksien;
- en 'n jubeling: "Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil" (Ps. 115:1).

Só alleen bid ons in die besef dat ons van brood alleen nie kan lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van God uitgaan.

Dit is per slot van rekening Hy wat spreek, en dit is Hy wat gebied, en dit staan. Van sy genade-woord is ons absoluut afhanklik.

En met sy Woord versorg Hy ons — met sy vleesgeworde Woord, Jesus Christus, ons Here.

Hy het Self verklaar: "Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie, en wie in My glo sal nooit dors kry nie."

En met sy gebreke liggaam en vergote bloed voed Hy ons tot die ewige lewe.

Terwille van sy genade ontvang ons ook ons daaglikse brood.

Sonder Christus is daar geen brood geen inkomste geen lewensmiddele geen wêreld geen tyd geen ewigheid nie.

Maar met Hom is daar die lewe — en oorfloed.

En ter wille van Hom kan ons kinderlik ootmoedig bid: "Vader, gee ons vandag ons daaglikse brood," en kan ons daarby seker wees dat Hy ons ons spys op die regte tyd sal gee (Ps. 145:15).

**Ds. Pieter van der Walt**

# *God seën ons*

## *Verantwoordelike Arbeid*

"Wie nie werk nie, sal nie eet nie!"

Natuurlik! Hoe kan dit ook anders? As daar nie gewerk word nie, nie geploeg en geplant word nie, die produkte nie bewerk en verwerk word nie, waarvan sal ek dan lewe? My inspanning en arbeid is tog daarop gerig om lewensmiddele te bekom. Ons doen dit ook elkeen volgens ons eie aanleg, want ons het nie almal dieselfde vermoëns en belangstelling en liefde nie.

### **ARBEIDSVREUGDE**

Saam met slaap neem arbeid die grootste deel van die mens se tyd in beslag. Daarom is dit so belangrik dat ek my in my beroep moet kan uitleef en verbly. Dit moet nie vir my 'n marteling wees wat ek met 'n gesug deurworstel nie, want as kroon van die skepping ontvang die mens *van God die* opdrag om die aarde te bewerk — en dit is 'n koninklike taak, maar ook die middel waardeur God my versorg in my behoeftes.

### **AFHANKLIK VAN GOD**

Om resultaat op my werk te verkry, moet ek my ten volle afhanklik stel aan die seën van my Opdraggewer. Nooit mag ek Hom uit die oog verloor nie. Hoe dwaas is dit as ek Hom buite rekening laat en maak asof ek sonder Hom kan klaarkom. Hy gee alle liggaamskragte en gesondheid, gawes en talente, middele en geleenthede. Al my sorg en arbeid sonder God se seën kan my nie tot voordeel strek nie.

### **SY SEËN ONONTBEERLIK**

So dikwels ervaar die boer sy algehele afhanklikheid van God se seën en die nietighede van die mens se prestasies. Ondanks al die uitvindings en ontdekkings kan die mens nie 'n eenvoudige koringkorrel skep waarvan brood gebak kan word nie. Met al sy kennis van landbou, skeikunde is die mens onbekwaam om 'n enkele aar uit die vrugbare aarde te voorskyn te roep. Hy kan nie eens waarborg dat die korrels wat ontkiem het (en dit buite die mens se vermoëns om) 'n oes sal lewer nie. Die Here moet dit gee op sy tyd. Van sy seën is alies afhanklik. "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet — net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!" (Ps. 127:2)

Al my arbeid kan tevergeefs wees! Is ek een van die mense wat meen dat dit tog nie seën is wat ek ontvang nie, maar dat ék daarvoor werk en met inspanning werk? As dit my beskouing is, hou die toekoms vir my verskrikking in, want ek kan die vermoëns en geleenthede verloor en die vrug op my arbeid kan uitbly.

### **GENIET JOU DAGTAAK**

Ek geniet egter my arbeid as ek my dagtaak verrig in die wete dat dit die middel is waardeur God my versorg. Dan dra ek my verantwoordelikheid en getrou vervul ek my pligte terwyl ek bid dat die Here my arbeid sal seën. Ek maak die lewe vir my ook nie neerdrukkend deur my te kwel oor wat ek sal eet, of wat ek sal drink, of wat ek sal aantrek nie, want die hemelse Vader weet dat ek al hierdie dinge nodig het.

Om seën op arbeid te verwag: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt. 6:33).

Die Prediker sê: "Elke mens eet en drink en geniet die goeie by al sy moeitevolle arbeid; dit is 'n gawe van God" (Pred. 3:13).

**Ds. Pieter Mulder**

# *Vir ons Daaglikse Brood moet ons nie op mense vertrou nie*

Is hierdie stelling waar? 'n Mens is tog vir jou daaglikse brood van mense afhanklik. As jou werkgewer jou nie salarisverhoging gee nie, kan jy immers nie bybly by stygende kostes nie. Ons as mense is so op mekaar aangewese in alles. Hoe kan 'n mens nou beweer dat jy nie op mense moet vertrou vir jou daaglikse brood nie?

## **WAT NIE BEDOEL WORD NIE**

As daar beweer word dat jy vir jou daaglikse brood nie op mense moet vertrou nie, word daar nie bedoel dat ons mekaar nie nodig het nie; dat elkeen op sy eie kan bestaan en nie afhanklik van sy medemens is nie.

Van so 'n individualisme is daar nie sprake in die Bybel nie. God het mense aan mekaar gegee en Hy beveel hulle om mekaar lief te hê en mekaar se belange op die hart te dra (Fil. 2:4). God het ook deur middel van Josef, Jakob en sy seuns in Egipte aan die lewe gehou.

## **WAT WEL BEDOEL WORD**

As ons sê ons moet nie op mense vertrou nie dan bedoel ons dat die mense nie God se plek moet inneem nie.

Ons moet mekaar vertrou en ons moet betroubaar wees. Tog is God alleen absoluut betroubaar. Hy beheer en bestuur en onderhou alle dinge. Op Hom kan mens honderd persent vertrou en van Hom totaal afhanklik wees.

Ons kan dit nie van mense sê nie. Ons moet nooit dink dat ons absoluut van mense afhanklik is nie. Wie van 'n mens so afhanklik is, pleeg afgodery. Dan moet jy gedurig so 'n persoon se guns probeer wen. Jy word 'n slaaf van 'n persoon by wie jy altyd moet "kruip".

Alhoewel ons mekaar nodig het en na mekaar moet omsien, mag ons mense nie dink dat hy of sy van 'n ander so afhanklik is as wat mens van God is en op mense moet vertrou nie.

**Ds. Gert Hattingh**

# *Vir ons Daaglikse Brood moet ons op God alleen vertrou*

Mattheus 6:24-34 vertel aan ons hoe God sy skepping onderhou. Hy sorg vir die voëls (vers 26), vir die-lemies van die veld (vers 28) en vir die gras wat groei (vers 30).

Ons word na die skepping verwys om te sien hoe God alles in stand hou. Die voortbestaan van die skepping is 'n wonder. Hoe meer 'n mens jou daarin verdiep, hoe dieper kom jy onder die indruk daarvan. Die kleinste tot die grootste organisme is 'n bewys dat God alles onderhou. Hy is self die Skepper van die natuurwette en sorg dat alles wetmatig verloop sodat sy skepping sal voortbestaan.

Nou is die lering van Jesus in Mattheus 6:26 soos volg: die mens is die kroon van God se skepping. Die mens is baie meer werd as die mossies. "As God dan die gras van die veld, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges."

Hoe lief God ons het, is nie net in die skepping te sien nie, maar in Jesus Christus.

Deur ons sonde is die skepping stukkend. Die skepping is aan die "verganklikheid" oorgegee (Rom. 8:21).

In Christus het God die hele skepping en die mens verlos van die verganklikheid. So het God dit moontlik gemaak om 'n "nuwe hemel en 'n nuwe aarde" te gee (Openb. 21).

Nou moet ons op Hom vertrou. Hy is die God van die skepping in die herskepping. As Hy sorg, voorsien Hy nie net in ons tydelike behoeftes nie, maar ook in ons ewige behoeftes. Hy doen nie halwe werk nie. Hy sorg volledig!

Eintlik gaan dit tydens ons aardse bestaan ten diepste net om ons ewige behoeftes; dat ons kinders van ons God moet wees omdat Hy ons Skepper is. Die tydelike behoeftes is daar en God voorsien. Tog bly dit tydelike behoeftes wat klein is in vergelyking met ons ewige nood.

Daarom sê Jesus in Mattheus 6:33: "Soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Die Koninkryk van God is die hoofsaak! Alle ander sake is byvoeginge — gawes ook van die Koninkryk! Die hoofsaak van ons bestaan is om binne God se Koninkryk te wees. Dit beteken om met die Koning versoen te wees en aan Hom gehoorsaam te wees. Sy Koninkryk is 'n ewige Koninkryk!

**Ds. Gert Hattingh**